PAASSONDAGOGGEND 2006
16 April 2006
Ds Freddie Schoeman

Sê nou maar Christus het nie uit die dood uit opgestaan nie? Stel uself voor dat die vroue daardie Sondagoggend by die graf gekom het – en Hom wel daar gevind het. Hoe sou dit dinge verander het?

Die dissipels was absoluut platgeslaan na Jesus se kruisiging. Hulle was bang en het vir die Jode weggekruip. So met die verloop van die jare sou die dissipels se emosionele wonde geheel het en hulle sou van die teleurstelling herstel het. Maar na drie jaar saam met Jesus was daar nie 'n manier waarop hulle Hom sou vergeet nie. Hy het net 'n té groot impak op hulle lewens gehad daarvoor. Daarom sou hulle dan ook heel waarskynlik van dit wat Jesus gesê het op skrif begin stel het en dalk selfs 'n soort van 'n monument opgerig het. (Dit het immers gebeur met die ander messias-figure in daardie tyd.)

Wat van ons? Ek dink ons sou aan Jesus terugdink op dieselfde manier as waarop ons aan Confucius, Plato of Aristoteles terugdink – briljante leermeesters en filosowe, maar nog steeds net gewone mense. Ons sou uit dit wat Jesus gesê het sommige dele geneem het en ander gelaat het – soos wat dit ons pas, net soos ons vandag maak met Confucius, Plato en Aristoteles en al die ander.

'n Jesus wat nie uit die dood opgestaan het nie, sou beslis 'n veiliger Jesus gewees het. 'n Nie-bedreigende Jesus. Confucius, Plato e.d.m. hou tog geen bedreiging vir ons lewens in nie, nie waar nie? Ons hoef nie hulle filosofie te aanvaar nie, ons hoef nie te doen wat hulle sê nie. As ons nie met hulle saamstem nie dan lag ons hulle eenvoudig af. Met 'n Jesus wat nie uit die dood opgestaan het nie, sou ons dieselfde kon doen.

Maar 'n Jesus wat wél uit die dood opgestaan het, is 'n gevaarlike Jesus. Want dit beteken skielik dat ons nie dit wat Hy gesê het maar gerieflikheidshalwe kan ignoreer nie. Want 'n opgestane Jesus is 'n lewende Jesus. 'n Opgestane Jesus is die Seun van God wat aan die regterhand van die Vader die sit – vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

'n Lewende Jesus kom maak aanspraak op ons lewens. Hy kom lê beslag op ons lewens. 'n Lewende Jesus leef voort deur sy kerk. Die kerk is Jesus in lewende lywe. Deur die kerk is die lewende Jesus liggaamlik teenwoordig in hierdie wêreld. En ons almal wat kies om

deel te wees van die kerk, verbind onsself aan Jesus. Sý passie, sy missie, sy droom vir die wêreld word nou ook óns passie, ons missie en ons droom.

En dit neem ons hele lewens in beslag. Jesus sê: as iemand agter My aan wil kom (d.w.s. deel wil wees van die kerk van Jesus), moet hy homself verloën ... sy kruis opneem ... en My volg. Wat beteken dit om jou kruis op te neem? Die mense destyds het presies geweet wat dit beteken; dit was vir hulle 'n bekende uitdrukking. Iemand wat 'n kruis dra is 'n ter dood veroordeele persoon. Daardie persoon se lewe is verby. Daardie persoon is op pad om te gaan sterf.

Om agter Jesus aan te loop beteken dat jou eie lewe verby is. Jou lewe behoort nie meer aan jouself nie. Dit behoort nou aan Jesus. Hy neem jou hele lewe in beslag.

Paulus beskryf hierdie opsie as volg: (Fil 3:7-11)

7 Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8 ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry 9 en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. 10 Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11 in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

Om te glo aan 'n lewende, opgestane Jesus, is 'n gevaarlike opsie. Die veiliger opsie is om te kies om nie te glo dat die Jesus opgestaan het nie. Jy behou darem ten minste jou eie lewe en kan dan met Jesus maak net wat jy wil.

Daar is net een probleem egter: die veiliger opsie is ook die opsie sonder hoop. Om te kies om te glo dat Jesus nie opgestaan het nie, beteken dat hierdie lewe waarin ons leef, die enigste lewe is. Dat daar nooit ooit iets beter gaan wees nie. Hierdie wêreld met sy swaarkry, sy dood, sy geweld, sy hartseer, sy sinloosheid, - 'n wêreld wat in die greep van die bose is - die enigste wêreld is wat daar is.

As ons egter kies om te glo dat God Jesus uit die dood uit opgewek het, dan ontspring daar hoop in ons harte! Dan steek daar iets in

Jesus se woorde toe Hy gesê het die koninkryk van God is naby. En as die koninkryk van God naby is ... dan is daar hoop vir hierdie wêreld. Dan het die bose nie meer die laaste sê nie. Dan is die dood nie die einde nie. Dan het 'n tragedie – byvoorbeeld - nie meer die vermoë om ons lewens sinloos te maak nie.

Ja, om te kies vir die gevaarlike opsie, dat Jesus uit die dood opgewek is, het bepaalde konsekwensies vir ons lewens. Dit beteken inderdaad dat ons lewens nie meer aan onsself behoort nie. Maar dit is die enigste opsie wat hoop bring.

Om te kies vir die veilige opsie, nl. dat Jesus nié uit die dood opgewek is nie, beteken dat ons ons lewens vir onsself kan behou. Maar dit is 'n opsie wat enige hoop in die kiem smoor. Paulus is reg toe hy gesê het: "As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense." (1 Kor 15:19)

Ek het nou-nou verwys na Jesus se woorde, "As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën en sy kruis opneem ..." Dis nie al wat Jesus gesê het nie. Hy het ook daarby gesê:

... [35] want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou. [36] Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor? [37] Wat sal 'n mens kan gee in ruil vir sy lewe? [38] Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid as sy Vader."

Julle wat gisteraand belydenis van geloof afgelê het, julle het gekies om te glo dat Jesus uit die dood opgestaan het – die gevaarlike opsie! Dit was die regte opsie. Vanoggend word julle die wêreld ingestuur as Jesus se getuies. Moenie skaam wees vir julle geloof nie. Moenie toelaat dat julle geloof wankel nie. Stry die goeie stryd. Volhard tot die einde toe. Dan sal julle die hemelse prys behaal.

Ek sluit af met Paulus se woorde: (Fil 3:13-14)

...een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. [14] Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.

Amen